



AUDITOR - GENERAL
SOUTH AFRICA

MEDIA RELEASE

1 Julie 2020

Die Ouditeur-generaal stel munisipale ouditresultate vry met die tema: “nie veel om in te deel nie, tog is die kasregister nie in die regte hande nie”

PRETORIA – Ouditeur-generaal (OG) Kimi Makwetu het vandag die oudituitkomste vir plaaslike regering vir die tydperk 2018-19 vrygestel. Hy het hierdie verslag die volgende titel gegee: *Nie veel om in te deel nie, tog is die kasregister nie in die regte hande nie*”, om die toestand van finansiële bestuur in plaaslike regering te weerspieël.

In sy jongste algemene verslag oor plaaslike regering gee die OG 'n onwelkome beeld van die bestuur van biljoene rande wat aan munisipaliteite toegesê is “op maniere wat teenstrydig is met voorskrifte en erkende rekeningkundige dissiplines”. Hy waarsku ernstig dat hierdie leemtes in administratiewe en bestuurspraktyke “lei tot baie swak rekenpligtigheid en die gevolglike blootstelling aan misbruik van die openbare geldkas”.

Dit is Makwetu se laaste munisipale ouditverslag aangesien sy vasgestelde sewe-jaartermyn as die land se OG op 30 November 2020 verstryk.

Die veilige en skoon hande waarop staatgemaak kan word om na die publiek se finansies in plaaslike regering om te sien, is skaars

In die verslag brei Makwetu uit op die tema. Hy verduidelik dat dienste en goedere aan verbruikers in alle munisipaliteite gelewer word met die verwagting dat hulle daarvoor sal betaal. Tog is daar 'n toenemende neiging dat gevestigde ondernemings oraloor tekens toon van 'n afname in die vermoë om vir hierdie dienste te betaal, of heeltemal weier om te betaal.

Individue en huishoudings ondervind ook dieselfde druk en betaal nie vir hierdie verbruikte goedere en dienste nie. Ter illustrasie van die voorkoms en verspreidheid hiervan dwarsoor die land: gemiddeld bykans 60% van die inkomste wat in die rekeningkundige rekords aangetoon word, sal nooit in die bankrekening van die munisipaliteit beland nie. Die rekening wat in hierdie verslag gedek word, neem reeds die omvang van hierdie belemmering in ag. Die stelsel slaag reeds 'n aantal jare lank oor die algemeen nie daarin om skuld in kontant om te sit nie, soos uit die ouderdom van die skuld blyk. Dit beteken egter nie dat hierdie geld nie langer opgevolg behoort te word nie.

Ondertussen ontvang diegene wat dienste namens die munisipaliteit lewer of administratiewe en ander funksies verskaf steeds hulle inkomste, grootliks en in party gevalle amper eksklusief uit die inkomste wat uit die nasionale geldkas verkry word. Hierdie gebied van munisipale finansies word bemoeilik deur die feit dat nie almal wat op die diensstaat is, betrek is met die bedoeling om die dienste wat deel van die munisipaliteite se beplanning is regstreeks te lewer nie. Die munisipaliteit kan gevolglik min anders doen as om eksterne hulp te vra – selfs op gebiede waar hulle reeds self personeel in diens het. Dit lei tot beduidende onkoste aan konsultante. Die algemene gevolg hiervan is dat diegene wat goedere en dienste lewer met die belofte dat hulle in die toekoms betaal gaan word, moet wag op die toewysing van nuwe geld voordat hulle vir dit wat reeds gelewer is, betaal kan word. Die uiteindelijke gevolg hiervan is 'n onvermydelike afwaartse spiraal na 'n finansiële doodloopstraat wat baie van die plaaslike munisipaliteite en distrikte reeds dwarsoor die land bereik het, met enkele en beperkte uitsonderings.

Basies is dit wat die oudituitkomst van die finansiële state van plaaslike regering dwarsoor die land kenmerk. Makwetu wys daarop dat daar besef moet word dat daar party uitsonderings is – waarvan 'n groot aantal in die Wes-Kaap gekonsentreer is (alhoewel daar hier en daar in die Sentrale Karoo- en Tuinroetedistrik van hierdie provinsie kommerwekkende aspekte is).

Wanneer die verskillende ouditgevolgtrekkings in hierdie verslag ontleed word, moet bostaande konteks steeds in gedagte gehou word. Dit gaan nie langer om 'n versnelde strewe om 'n bepaalde ouditgevolgtrekking te bereik nie, maar om die vraag of die munisipaliteit in kwalitatiewe en voorkomende maatreëls belê om hierdie stelselmatige agteruitgang in finansiële welstand te vermy in 'n sfeer waar alles saak maak. Makwetu waarsku dat die waarde van hierdie verslag dus nie moet lê in 'n intelligente ontleding van konsepte waar die versoeking bestaan om die probleem te rasionaliseer ten einde die impak te versag of die aandag van die kernaangeleenthede af te lei nie. Dit behoort eerder te gaan om "hoe ferm stappe gedoen gaan word om die integriteit van hierdie instellings te herstel en hulle in staat te stel om hulle finansies te bestuur om in burgers se behoeftes te voorsien".

Sedert hy in 2013 as die hoof van die land se opperste ouditinstelling oorgeneem het, het Mkawetu deurlopend 'n beroep gedoen op diegene wat met administrasie en toesig getaak is om basiese stelsels en beheermaatreëls as die grondlegging van behoorlike rekenpligtigheid teenoor die landsburgers te beskou, om te verseker dat belastingbetalers se geld op 'n gedissiplineerde manier bestee word, volgens die voorskrifte wat in die vele stukke wetgewing oor die behoorlike bestuur van munisipaliteite uiteengesit word, en dat burgers die verwagte voordele van hierdie besteding kan geniet.

In sy finale verslag oor plaaslike regering vertel die OG egter 'n ontstellende verhaal van die meeste munisipaliteite wat "gestrem word deur skuld en nie vir water en elektrisiteit kan betaal nie; onakkurate en halfhartige invordering van inkomste; uitgawes wat ongemagtig, onreëlmatig, vrugteloos en verkwistend is; en 'n hoë mate van afhanklikheid van toekennings en bystand van die nasionale regering".

Die enkele munisipaliteite waarvan die ywer die gewenste verhaal vertel

Makwetu erken die pogings van dié munisipaliteite wat hard gewerk het om te verseker dat hulle nie slegs skoon oudits ontvang of behou het nie, maar ook 'n positiewe verhaal vertel oor hoe hulle hul munisipaliteite bestuur.

"Die finansiële state van 'n munisipaliteit vertel hoe goed 'n munisipaliteit bestuur word. Soos in die geval van hierdie paar munisipaliteite, kan dit 'n goeie verhaal wees van gedissiplineerde besteding wat waarde vir geld behaal; noulettende rekening- en invorderingspraktyke; bates wat in stand gehou en beveilig word; versigtige beleggings en besparings vir noodgevalle en toekomstige projekte; en die nakoming van verpligtinge teenoor krediteure en die gemeenskap," het hy opgemerk.


Dertien van hierdie munisipaliteite is in die Wes-Kaap en sluit die Kaapse Wynlande en Weskus distriksmunisipaliteite, Bergrivier, Kaap Agulhas, Cederberg, Drakenstein, Hessequa, Langeberg, Overstrand, Prins Albert, Saldanhabaai, Theewaterskloof en Witzenberg in. Ander munisipaliteite wat deurlopend goed presteer, is Senqu (Oos-Kaap), Midvaal (Gauteng), Okhahlamba (KwaZulu-Natal), Capricorn distriksmunisipaliteit (Limpopo), Gert Sibanda en Nkangala distriksmunisipaliteite (Mpumalanga), en John Taolo Gaetsewe distriksmunisipaliteit (Noord-Kaap).

Die beste praktyke by hierdie munisipaliteite sluit in 'n stabiele leierskap wat tot 'n sterk beheeromgewing en effektiewe bestuur verbind is. Deurlopende monitering van ouditaksieplanne om betyds werk te maak van enige ouditbevindings en 'n proaktiewe benadering tot risiko's was ook algemene kenmerke by hierdie munisipaliteite.

Die 2018-19-verslag vertel 'n verhaal van hoe die pogings van hierdie toegewyde munisipaliteite deur die oorhoofse agteruitgang in oudituitkomst oorskadu is.

Die grafiek hieronder toon 'n ontleding van oudituitkomste volgens provinsie:

AUDIT OUTCOMES PER PROVINCE



A. Die verhale wat uit die provinsies blyk

Die opsomming hieronder dui aan hoe die onderskeie provinsies, in alfabetiese orde, gedurende die jaar onder oorsig gevaar het.

Oos-Kaap

Die OG se verslag vertel 'n verhaal van 'n wydverspreide gebrek aan finansiële beheermaatreëls en projekmonitering, 'n deurlopende kultuur van 'n gebrek aan rekenpligtigheid asook 'n verdraagsaamheid teenoor oortredings, wat 'n verdere agteruitgang in oudituitkomste in die provinsie tot gevolg gehad het – verbeterings was skaars en die algemene neiging oor die afgelope drie jaar het negatief gebly. Agt munisipaliteite kon nie die inligting waaroor in hulle finansiële state verslag gedoen is, genoegsaam rugsteun nie en het 'n afgewese ouditmening ontvang.


In plaas van verantwoordelike en toegewyde finansiële bestuur van die beperkte beskikbare hulpbronne, was daar disfunksionele beheeromgewings; uitgebreide wanorde in rekeningkundige rekords; sleutelposisies wat lank nie gevul is nie en onstabiele rade; swak verkrygingspraktyke; geen gevolge vir swak prestasie en oortredings nie; en onbetroubare verslagdoening oor munisipale finansies en programme.

Die verslag dui onreëlmatige besteding van R2,5 biljoen gedurende die jaar onder oorsig aan. Nog R4,2 biljoen is aangeteken vir oudits wat na die sperdatum van hierdie verslag gefinaliseer is.

Die provinsie het 'n totale bedrag van R118 miljoen aan konsultantkoste vir finansiële verslagdoening bestee. Hiervan is R2 miljoen bestee deur munisipaliteite waarvan die oudits nie teen die sperdatum van hierdie verslag voltooi was nie.

Eastern Cape – audit outcomes per district

Widespread lack of financial controls and project monitoring



2

Vrystaat

Die oudituitkomste in die provinsie het vir die derde agtereenvolgende jaar agteruitgegaan. Tien munisipaliteite het nie betyds finansiële state ingedien nie – selfs meer as in vorige jare, met die gevolg dat agt oudits nie voltooi was teen die tyd van die OG se algemene verslag nie. Daarbenewens het drie munisipaliteite 'n afgewese auditmening ontvang. Dit beteken dat bykans die helfte van die munisipaliteite in die Vrystaat nog nie verantwoording gedoen het oor die manier waarop hulle belastingbetalers se geld in 2018-19 gebruik het nie, of dit so swak gedoen het dat hulle finansiële state nie vertrou kan word nie.


Die uitkomst is gekenmerk deur 'n gebrek aan basiese finansiële dissiplines, 'n onwilligheid om aan wetgewing te voldoen, en 'n algemene verontagsaming van interne beheermaatreëls en rekenpligtigheid.

Die provinsie se onreëlmatige besteding het R1,4 biljoen vir die jaar onder oorsig beloop. 'n Verdere R341,6 miljoen in onreëlmatige besteding is geïdentifiseer in oudits wat na die sperdatum van hierdie verslag gefinaliseer is.

Die provinsie het 'n totaal van R46 miljoen aan konsultante bestee om met finansiële verslagdoening te help, al het dit min impak gehad op die gehalte van die finansiële state wat vir ouditering voorgelê is. Van hierdie bedrag is R17 miljoen deur munisipaliteite bestee waarvan die oudits nie teen die sperdatum van die verslag afgehandel was nie. Die gebrek aan die oordrag van vaardighede deur konsultante aan munisipaliteite het geblyk uit die feit dat party amptenare nie eens die mees basiese finansiële inligting kon verskaf sonder die hulp van 'n konsultant nie.

Free State – audit outcomes per district

Deliberate lack of accountability by political and administrative leadership



3

Gauteng

Die beeld in Gauteng het stabiel gebly deurdat alle munisipaliteite weer eens hulle goeie oudituitkomst in stand gehou het. Dit was die enigste provinsie waarin al die munisipaliteite ongekwalifiseerde ouditmenings gehad het, maar soos in vorige jare het slegs Midvaal 'n skoon ouditmening ontvang. Dit het steeds die ander munisipaliteite ontwyk as gevolg van goeie finansiële rekenpligtigheid maar ontoereikende monitering van die voorkomende beheermaatreëls wat nodig was om voldoening aan wetgewing en akkurate verslagdoening oor diensleweringprestasies te verseker.

Munisipaliteite wat personeel met die regte vaardighede aangetrek en behou het, het by hierdie bestendigheid baat gevind en dit reggekry om goeie oudituitkomst in stand te hou. In kontras, kon munisipaliteite wat deur onbestendigheid in politieke en administratiewe leierskap gekenmerk is, soos die Stad Tshwane en Stad Johannesburg metro's, nie hulle uitkomst verbeter nie.


Onreëlmatige uitgawes in hierdie provinsie het R1,7 biljoen rand vir munisipaliteite beloop. Oudits wat na die sperdatum van hierdie verslag afgehandel is, het oor 'n verdere R3,3 biljoen verslag gedoen, met die Stad van Tshwane Metro wat vir R2,9 biljoen en Emfuleni wat vir R358 miljoen van hierdie bedrag verantwoordelik was.

Munisipale entiteite in hierdie provinsie was verantwoordelik vir R1,8 biljoen aan onreëlmatige uitgawes in die tydperk onder oorsig.


Die provinsie het 'n totaal van R341 miljoen aan konsultantkoste vir finansiële verslagdoening bestee. Hiervan is R312 miljoen uitgegee deur munisipaliteite waarvan die oudits nie teen die sperdatum van die verslag afgehandel was nie.

Gauteng – audit outcomes per district

Good financial accounting with inadequate monitoring of preventative controls



Data excludes municipal entities as depicted per district



KwaZulu-Natal

Daar was min veranderinge in die oudituitkomste van die provinsie, rekenpligtigheid is nie na behore deur die leierskap toegepas en afgedwing nie en kernbeheermaatreëls het steeds misluk.

Die meeste distriksmunisipaliteite het steeds met basiese finansiële en prestasiebeheerprosesse gesukkel, in gebreke gebly om aksieplanne uit te voer en te monitor en swak toesighoudende strukture gehad wat nie effektiewe rekenpligtigheid moontlik gemaak het nie.

Die leierskap het nie altyd sterk stelsels van interne beheer beïnvloed om goeie bestuur en dissipline te bevorder nie – meer klem moet gelê word op politieke toesig en die vervulling van burgers se strewes.

Konsultante is steeds in vele gevalle gebruik om met die voorbereiding van finansiële state en finansiële verslagdoening te help en die provinsie het 'n totaal van R95 miljoen in hierdie verband uitgegee; dit terwyl daar amptenare was wat hierdie funksies moes uitoefen. Hiervan is R1 miljoen deur munisipaliteite uitgegee waarvan die oudits nie teen die sperdatum van die verslag afgehandel was nie.

Little change in outcomes, accountability not adequately practised and enforced by leadership and failure of key controls



Limpopo

Ses munisipaliteite in die provinsie het hulle oudituitkomste verbeter en drie het agteruitgegaan. Die verbeterings was meestal aan konsultante te danke, maar ten spyte daarvan dat die provinsie 'n totaal van R249 miljoen op konsultante uitgegee het vir die doel van finansiële verslagdoening, het baie munisipaliteite steeds gekwalifiseerde ouditmenings ontvang. Van dié bedrag is R127 miljoen uitgegee deur munisipaliteite waarvan die oudits nie teen die sperdatum van hierdie verslag afgehandel was nie.


Daar is swaar op konsultante gesteun, vaardighede is nie oorgedra nie en party amptenare het oorgerus geraak wanneer konsultante aangestel is en nie die werk gedoen het waarvoor hulle aangestel is nie, wat gelei het tot vrae oor munisipaliteite wat amptenare en konsultante betaal het om dieselfde werk te doen. Miljoene is uitgegee om die uitkomste te verbeter, maar daar was geen gevolge vir swak prestasie nie.

Die impak van die verlies van R1,2 biljoen as gevolg van die likwidasie van VBS Onderlinge Bank word steeds deur die betrokke munisipaliteite gevoel, waar dienslewering aangetas is.

Die provinsie se onreëlmatige uitgawes het R1,5 biljoen vir die jaar onder oorsig beloop. Nog R594 miljoen aan onreëlmatige uitgawes is gerapporteer vir oudits wat na die sperdatum van hierdie verslag afgehandel is.

Limpopo – audit outcomes per district

Millions spent to improve audit outcomes – yet no consequences for poor performance



Mpumalanga

Die agteruitgang van rekenpligtigheid en finansiële bestuur saam met verswakte toesig lê aan die kern van die beduidende agteruitgang in oudituitkomst in die provinsie – ses munisipaliteite het agteruitgegaan en slegs twee het verbeter. Interne beheermaatreëls het by verskeie munisipaliteite in duie gestort, onder andere basiese finansiële dissiplines soos rekordhouding, rekonsiliasies en verifikasies.


Slegs twee munisipaliteite wat konsultante gebruik het, het hulle oudituitkomst verbeter, al is konsultante gebruik om die werk van indiensgenome personeel te doen. Die provinsie het 'n totaal van R98 miljoen op konsulteringskoste vir finansiële verslagdoening uitgegee. Hiervan is R3 miljoen uitgegee deur munisipaliteite waarvan die oudits teen die sperdatum van hierdie verslag nog nie afgehandel was nie.

'n Neiging van onderbesteding van voorwaardelike toekennings weerspieël swak beplanning deur munisipaliteite – in totaal is R154,3 miljoen nie bestee nie.

Die provinsie se onreëlmatige uitgawes het R1,09 biljoen vir die jaar onder oorsig beloop. Nog R358 miljoen is aangeteken vir oudits wat na die sperdatum van hierdie verslag afgehandel is.

Mpumalanga – audit outcomes per district

Deteriorating accountability and financial management coupled with weakened oversight at the centre of the significant regressions in audit outcomes



Noord-Kaap

Die provinsie verkeer in 'n uitgerekte toestand van ongewenste oudituitkomst, met nog 'n algemene agteruitgang – ses munisipaliteite het agteruitgegaan en slegs drie het verbeter.

Die ineenstorting in die beheeromgewing het voortgeduur met min reaksie deur die leierskap op die boodskappe van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) dat voorkomende beheermaatreëls ingestel moes word. Die gevolg was 'n omgewing waarin voorraadkettingprosesse misbruik word; bankrekenings nie behoorlik nagegaan word nie; verlore inkomste weens stelsels wat misluk en transaksies wat twee keer aangeteken word; en behoorlike rekonsiliasies word nie uitgevoer nie.


Vir die jaar onder oorsig het die munisipaliteite in die provinsie onreëlmatige uitgawes ten bedrae van R390 miljoen aangegaan.

Die provinsie het 'n totaal van R47 miljoen op konsultantkoste vir finansiële verslagdoening uitgegee. Van hierdie bedrag het R12 miljoen verband gehou met oudits wat na die sperdatum van die verslag afgehandel is.

Ten spyte van die algemene swak prestasie van munisipaliteite in die provinsie, het 'n handjievol munisipaliteite voortgegaan om goeie auditresultate te lewer, soos die John Taolo Gaetsewe distriksmunisipaliteit wat 'n skoon audituitskots behaal het.

Northern Cape – audit outcomes per district

A prolonged state of undesirable audit outcomes



8

Noord-Wes

Die agteruitgang in oudituitkomste voltooi 'n drie-jaarlange afwaartse neiging in die provinsie: nege munisipaliteite het 'n afwysing van ouditmening ontvang en agt het gekwalifiseerde menings ontvang. Die beskikbaarheid van dokumente of bewyse om finansiële aktiwiteite te rugsteun was steeds 'n ernstige uitdaging vir munisipaliteite, soos blyk uit die getal afwysings van ouditmening wat herhaal is. Die onvermoë van die provinsie om die neiging van negatiewe oudituitkomste om te keer, dui 'n kultuur aan wat nie die beheerswakhede wat in vorige jare uitgewys is, produktief hanteer nie.


Mislukte rekenpligtigheid by senior bestuur, munisipale bestuurders, burgemeesters, interne-ouditeenhede, ouditkomitees, munisipale openbare-rekeningekomitees en rade dui op 'n sistemiese ineenstorting in die dissipline van finansiële beheer.

Vir die jaar onder oorsig het die munisipaliteite in die provinsie onreëlmatige uitgawes van R3,7 biljoen aangegaan, met nog R1,8 biljoen wat verband hou met oudits wat na die sperdatum van hierdie verslag afgehandel is.

Die koste om konsultante vir finansiële verslagdoening te gebruik, het R227 miljoen beloop, met munisipaliteite wat hulle personeel en die konsultante vir dieselfde diens betaal het sonder dat enige waarde daardeur toegevoeg is en wat op 'n vermorsing van skaars openbare hulpbronne uitgeloop het. Hiervan is R47 miljoen uitgegee deur munisipaliteite waarvan die oudits nie teen die sperdatum van hierdie verslag afgehandel was nie.

North West – audit outcomes per district

Systemic breakdown in the discipline of financial controls



Wes-Kaap

Die grootste konsentrasie van skoon oudits was steeds in die Wes-Kaap (45%), met 93% van die provinsie se munisipaliteite wat ongekwalfiseerde menings oor hulle finansiële

state ontvang het. Agt munisipaliteite het hulle skoon ouditstatus behou – waarvan ses hierdie status vir die afgelope vyf jaar of langer behou het.

Munisipaliteite wat hulle skoon oudituitkomste behou het, word deur beheeromgewings gekenmerk wat ingebed en voorkomend van aard is, en deur sterk leierskap versterk word. Dit sluit in operasionele beheermaatreëls wat onafhanklik van individue in hulle stelsels ingebed is, wat beteken dat personeelomset nie tot die ineenstorting van beheermaatreëls sal lei nie. Daarbenewens het bestuur 'n lae verdraagsaamheid ten opsigte van ouditbevindinge en is daar 'n hoë vlak van rekenpligtigheid; en al die betrokke sekerheidsverskaffers ken hulle rolle en dra by tot die beheeromgewing.


Die finansiële state het oor die algemeen met die sosio-ekonomiese klimaat van die onderskeie munisipaliteite asook die OGSA se beoordeling van finansiële dissipline ooreengestem. Meer munisipaliteite het gesukkel om skuld in te vorder, maar oor die algemeen was die finansiële gesondheid van die Wes-Kaapse munisipaliteite die sterkste van al die provinsies.

Vir die jaar onder oorsig het die munisipaliteite in die provinsie onreëlmatige uitgawes van R2,7 billion aangegaan.

Die provinsie het 'n totaal van R42 miljoen op konsultantkoste vir finansiële verslagdoening uitgegee. Hiervan is R1 miljoen uitgegee deur munisipaliteite waarvan die oudits nie teen die sperdatum van hierdie verslag afgehandel was nie.

Western Cape – audit outcomes per district

Improved outcomes but concerns remain



10

B. Die oudituitkomste met een oogopslag

In sy jaarlikse oudits ondersoek die OGSA die volgende aspekte:

- o Billike voorstelling en afwesigheid van wesenlike wanvoorstellings in finansiële state
- o Betroubare en geloofwaardige prestasieinligting vir doeleindes van verslaglewering oor voorafbepaalde prestasiedoelwitte
- o Voldoening aan wetgewing wat finansiële sake bestuur

Die geouditeerde instelling behaal 'n skoon oudit wanneer sy finansiële state ongekwalifiseerd is, met geen ouditbevindings ten opsigte van sy verslaglewering oor voorafbepaalde doelwitte en voldoening aan wetgewing nie.

Die algemene nasionale neigings

Vir die tydperk onder oorsig het die OGSA 257 munisipaliteite en 21 munisipale entiteite geouditeer. Die OG se verslag sluit die oudituitkomst van 229 munisipaliteite in, aangesien 28 munisipaliteite nog nie teen die sperdatum van 31 Januarie 2020 afgehandel was nie.


Die grafiek hieronder toon die algemene prestasie van munisipaliteite op verskeie ouditgebiede:

OVERALL AUDIT OUTCOMES

OVERALL
REGRESSION
IN AUDIT
OUTCOMES



46 ✓ Regressed
33 ▲ Improved



Outstanding audits

The audits of **28** municipalities were not finalised by 31 January 2020

Clean audits



8% ▲
(2017-18: 7%)

Quality financial statements



48% ▼
(2017-18: 52%)

18% (43)

Municipalities submitted financial statements without material misstatements

Cost of consultants to assist in financial statement preparation

R1,26 billion *

59% (134)

Financial statements submitted for auditing included **material misstatements in areas in which consultants did work**

* Consultant costs include **R741 million** for audits completed by 31 January 2020 and **R522 million** relating to outstanding audits or audits subsequently finalised

No findings on performance reports



33% ▼
(2017-18: 37%)

48% (109)

Achievement reported not reliable

No findings on compliance with legislation



9% ▲
(2017-18: 8%)

Irregular expenditure



R32,06 billion ** ▼
(2017-18: R24,38 billion)

Irregular expenditure includes **R21,46 billion (2017-18: R16,63 billion) for audits completed by 31 January 2020 and **R10,60 billion** (2017-18: R7,75 billion) relating to outstanding audits or audits subsequently finalised

MATERIAL IRREGULARITIES

6 material irregularities identified from 6 completed audits

R24 499 866 likely financial loss (**R2 421 897** known and **R22 077 969** estimated)

Nature of material irregularities



Payment for **goods or services not received**

33% (2)

R11 418 843



Assets **not safeguarded** resulting in **theft/vandalism**

50% (3)

R11 849 379



Unfair procurement leading to **overpricing**

17% (1)

R1 231 644

Algemene agteruitgang in oudituitkomst

Daar was weer eens 'n agteruitgang in die oudituitkomst onder die huidige plaaslike-regeringadministrasie, wat nou in die derde jaar is. Oor die drie-jaartydperk het die oudituitkomst van 76 munisipaliteite agteruitgegaan met slegs 31 wat verbeter het.

Daar is oor die afgelope drie jaar nie aandag gegee aan die volgende ernstige swakhede in die finansiële bestuur van plaaslike regering nie:

Swak gehalte van voorgelegde finansiële state en prestasieverslae

Makwetu verduidelik dat geloofwaardige finansiële state en prestasieverslae van kritieke belang is om rekenpligtigheid en deursigtigheid in die regering moontlik te maak. Hy meld dat die meeste munisipaliteite steeds op hierdie gebiede misluk het.

Hy sê: "Nie net het die ongekwalifiseerde menings oor die finansiële state van 47% tot slegs 43% afgeneem nie, maar die gehalte van die finansiële state wat vir ouditering aan ons voorgelê is, het geen verbetering op die vorige jaar getoon nie. Slegs 18% van die munisipaliteite kon finansiële state sonder wesenlike wanvoorstellings aan ons gee."

Die OG voeg by dat die prestasieverslae van 67% van die munisipaliteite wat wel sulke verslae gelewer het, wesenlike gebreke gehad het en nie geloofwaardig genoeg was om deur die raad of die publiek gebruik te word nie.

Oorheersende gebruik van konsultante lewer minimale bedoele resultate

Munisipaliteite het R1,26 biljoen op konsultante vir finansiële verslagdoening uitgegee, waarvan slegs 7% die gevolg was van vakante poste in munisipale finansiële eenhede. Hierdie bedrag sluit R522 miljoen in vir konsultantkoste by munisipaliteite met uitstaande oudits waar finansiële state ontvang is. Slegs 14% van die munisipaliteite wat konsultante gebruik het, het 'n verbetering in hulle oudituitkomst getoon, terwyl 22% agteruitgegaan het.

Finansiële gesondheid van munisipaliteite is kommerwekkend en vereis dringende ingryping

Die finansiële state toon toenemende aanduidings van 'n ineenstorting in die finansies van plaaslike regering – die OGSA het beraam dat 79% van die munisipaliteite se finansiële gesondheid óf kommerwekkend was, óf dringende ingryping vereis het. Net minder as 'n derde van die munisipaliteite was in 'n besonder kwesbare finansiële posisie.

“Die onvermoë om skuld van munisipale verbruikers in te vorder was wydverspreid. Onder hierdie omstandighede is dit onvermydelik dat munisipaliteite sal sukkel om die boeke te balanseer. Oor die algemeen het 34% van die munisipaliteite 'n tekort blootgelê (met ander woorde, hulle uitgawes het hulle inkomste oorskry) – die totale tekort van hierdie munisipaliteite het R6,29 biljoen beloop.

“Die finansiële moeilikhede van plaaslike regering het ook swaar op munisipale krediteure gerus. Die gemiddelde betalingstydperk vir krediteure was 180 dae. Teen jaareinde is R53,52 biljoen aan munisipale krediteure geskuld maar die beskikbare geld het slegs R43,20 biljoen beloop. Die geld wat teen jaareinde aan Eskom verskuldig was, was met R11,31 biljoen agterstallig, waarvan R9,02 biljoen reeds langer as 120 dae uitstaande was. Die waterrade het ook gesukkel om geld deur munisipaliteite verskuldig in te vorder – hulle rekeninge was met R6,24 biljoen agterstallig, waarvan R5,38 biljoen vir langer as 120 dae was,” merk die OG op.

Hy sê dat, terwyl die swak ekonomiese klimaat wel 'n rol in die agteruitgang van munisipaliteite se finansiële gesondheid speel, baie net nie hulle finansies so goed bestuur as wat hulle behoort te doen nie.

Styging in vrugtelose en verkwistende uitgawes

Makwetu sê die regering kan nie bekostig om geld te verloor vanweë swak besluitneming, verwaarlosing of ondoeltreffendheid nie. Die ouditkantoor het egter steeds 'n toename in vrugtelose en verkwistende uitgawes gesien, met 200 munisipaliteite wat R2,07 biljoen in die jaar onder oorsig verloor het. Oor die drie-jaartydperk was R4,27 biljoen aan regeringsuitgawes vrugtelos en verkwistend.

Hoë vlak van nie-voldoening aan sleutelbestuurswetgewing

Altesaam 91% van die munisipaliteite het nie aan wetgewing voldoen nie. Dié uitkoms is soortgelyk aan die vorige jaar en ietwat hoër as die 85% in 2016-17. Die leemte in toesig en gebrek aan beheermaatreëls wat met voldoening verband hou, was op 'n aantal gebiede sigbaar, waaronder voorraadkettingbestuur.

Agteruitgang in voldoening aan wetgewing oor voorraadkettingbestuur

Voldoening aan wetgewing oor voorraadkettingbestuur het sedert 2016-17 agteruitgegaan. Die OG bly besorgd dat slegs 2% van die munisipaliteite ten volle voldoen. "Dit is ten spyte van al ons verslagdoening op hierdie gebied, die rooi vlae wat ons gehys het en die talle aanbevelings wat ons gemaak het. Onmededingende en onregverdigse verkrygingsprosesse en ontoereikende kontrakbestuur was algemeen," verduidelik Makwetu.

Toename in onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes het tot R32,06 biljoen gestyg van die R25,2 biljoen waaroor die vorige jaar verslag gedoen is. Dit sluit die onreëlmatige uitgawes (R10,60 biljoen) in van die munisipaliteite waarvan die oudits na die sperdatum van hierdie verslag (31 Januarie) afgehandel is, asook die ongeouditeerde bedrae wat in die finansiële state van die munisipaliteite blootgelê is, waarvan die oudits nog uitstaande was.

Die OG waarsku dat die bedrag selfs hoër kan wees, aangesien 55% van die munisipaliteite gekwalifiseer was omdat die bedrag wat hulle verstrekte, onvolledig was en/of hulle gemeld het dat hulle onreëlmatige uitgawes aangegaan het maar dat die volle bedrag onbekend was. Daarbenewens kon kontrakte ter waarde van R0,36 biljoen nie geouditeer word nie vanweë ontbrekende of onvolledige inligting.

Munisipaliteite het 'n swak rekord ten opsigte van die hantering van onreëlmatige uitgawes en die versekering van rekenpligtigheid. Gevolglik het die jaareindbalans van onreëlmatige uitgawes wat oor baie jare opgeloop het en nie hanteer is nie (deur verhaling, kondonering of afskrywing) op R65,59 biljoen gestaan.

Tekortkomings in die ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur

Die oudits het weer eens 'n aantal tekortkominge in die ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur uitgewys. Projekte om infrastruktuur te ontwikkel, het wydverspreide onderbesteding van begrotings, vertragings in die afhandeling van projekte, nie-voldoening aan wetgewing oor voorraadkettingbestuur en onreëlmatige uitgawes getoon.

Volgens die OG is die kommerwekkendste aspek die gebrek aan aandag aan water- en sanitasieinfrastruktuur – meer as 'n derde van die verantwoordelike munisipaliteite het nie die toestand van die water- en/of sanitasieinfrastruktuur nagegaan nie en 41% van die munisipaliteite het geen instandhoudingsbeleid gehad nie. “Dit is dus nie onverwags nie dat 36% van die munisipaliteite wat vir waterdienste en verwante infrastruktuur verantwoordelik is, waterverliese van meer as 30% gemeld het. Die volle waterverliese wat aangemeld is, het R6,56 biljoen beloop,” verduidelik die OG.

Die instandhouding van paaie het wel verbetering getoon, maar 27% van die munisipaliteite het nie goedgekeurde planne vir padinstandhouding ten opsigte van hernuwing en roetineonderhoud ontwikkel of uitgevoer nie, terwyl 'n agterstand in hernuwing en roetineonderhoud by 16% van die munisipaliteite voortgeduur het.

Die eerste fase van die implementering van die OG se groter magte

Die OG se groter magte het op 1 April 2019 van krag geword, en die OGSA het begin om die proses ten opsigte van wesenlike onreëlmatighede by nege gekose munisipaliteite te implementeer. Ses van hierdie oudits was teen die datum van die verslag oor plaaslike regering afgehandel. Die fokus in die jaar onder oorsig was op nievoldoening aan wetgewing wat op 'n wesenlike finansiële verlies uitgeloop het of waarskynlik sou uitloop.

'n Totaal van ses wesenlike onreëlmatighede is by drie van die munisipaliteite vasgestel, wat op 'n finansiële verlies van R24 499 866 uitgeloop het. R2 421 897 is bekend aangesien die munisipale bestuurder die verlies gekwantifiseer het en die res is 'n benadering van

die verlies. Die meeste wesenlike onreëlmatighede (drie) is by Ngaka Modiri Molema distriksmunisipaliteit vasgestel.

Die OG sê: “Die wesenlike onreëlmatighede wat ons vasgestel en gemeld het, is nie ingewikkelde rekeningkundige of verkrygingsaangeleenthede nie en kon deur basiese beheermaatreëls voorkom gewees het. Dit het verband gehou met bates wat nie beveilig is nie en gevolglik tot diefstal of vandalisme gelei het, betalings vir goedere en dienste wat nie ontvang is nie en 'n onregverdige verkrygingsproses wat tot prysinflasie gelei het.

“Munisipale bestuurders het positief gereageer op die kennisgewings wat hulle gekry het van die wesenlike onreëlmatighede wat ons vasgestel het en hulle doen almal gepaste stappe om dit reg te stel. Dit toon dat munisipale bestuurders verstaan wat kragtens wetgewing van hulle verwag word wanneer hulle van onreëlmatighede bewus raak en dat hulle bereid en in staat is om hierdie verantwoordelikhede te aanvaar. Dit wys ook op veranderde optrede ten opsigte van besliste en tydige reaksie op ons bevindinge.”

Slotsom

Die OG sluit af: “Wanneer daar oorhoofs gekyk word en nadat die finansiële state wat ons geouditeer het versigtig ontleed is, kan ons met veiligheid tot die slotsom kom dat plaaslike regering wel genoegsame geld en bates het om aan die meeste basiese behoeftes en strewes van die burgers te voldoen. Baie werk is egter nodig om te verseker dat dit verwesenlik word. Behoorlike administrasie en toesighouding oor die finansiële sake van plaaslike regering is nie uitgeoefen nie en is deur hierdie ouditondersoek in ernstige gebreke bevind, met bepaalde ernstige gevolge wat reeds op sekere gebiede vasgestel is.”

Toepassing van voorkomende beheermaatreëls om die kommerwekkende beeld te verbeter

Makwetu sê voorkomende beheermaatreëls sal in 'n groot mate die kommerwekkende beeld van en swakhede in bestuurspraktyk wat in hierdie verslag gemeld word, regstel.

Interne beheermaatreëls is die voorkomende meganismes, reëls en prosedures wat 'n munisipaliteit toepas om die integriteit van finansiële en rekeningkundige inligting te verseker, rekenpligtigheid te bevorder en bedrog en foute te voorkom. Benewens voldoening aan wetgewing en beskerming van die entiteit se bates teen diefstal of voorkoming van bedrog, kan voorkomende beheermaatreëls help om operasionele doeltreffendheid te verbeter deur die akkuraatheid en tydigheid van finansiële verslagdoening te verbeter.

“Dit is meer doeltreffend om finansiële state en prestasieverslae van swak gehalte, nievoldoening en wesentlike onreëlmatighede te voorkom, as om die gevolge daarvan te moet hanteer – geld en tyd word verloor, duur ondersoeke moet ingestel word en amptenare word blootgestel aan die ongemak en besorgdheid wat met sulke prosesse gepaard gaan, wat dikwels 'n aantal jare duur.

“Ons boodskap oor die jare was nog altyd dat 'n sterk beheeromgewing en verwante prosesse die sleutel is om strategiese doelwitte te bereik, risiko's te hanteer, voldoening aan wetgewing te verseker en die openbare sektor se geld tot voordeel van die burgers te bestuur. Risiko's wat ons vasstel en in ons bestuurs-, audit- en algemene verslae insluit, sal help om die ander gebiede wat aandag nodig het vas te stel.” Our message has been consistent over the years that a strong control environment and related processes are the key to achieving strategic objectives, addressing risks, ensuring compliance with legislation, and managing public sector funds to the benefit of citizens. Identified risks that we include in our management, audit and general reports, will assist in identifying the other areas that need attention.”

*In elke samelewing
wil party mense nie werk nie.*

*Ongelukkig het hulle die oorhand
in 'n samelewing waar goeie leierskap ontbreek!*

Einde

Uitgereik deur: Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Skakelpersoon: Africa Boso • (012) 422 9880 • Africab@agsa.co.za



Medianota: Die Gekonsolideerde algemene verslag oor die oudituitkomst van plaaslike regering is op www.agsa.co.za beskikbaar.

Oor die OGSA: Die OGSA is die land se opperste ouditinstelling. Dit is die enigste instelling wat, volgens wet, moet oudit en rapporteer oor hoe die regering belastingbetalers se geld bestee. Dit was sedert die OGSA se instelling in 1911 die fokus van die OGSA.